

Saterdag 23 September

Skrifgedeelte Efesiërs 3:1-13 (AFR83/2020)

Fokusgedeelte: Efesiërs 3:6

Die Khoi-San hoort ook in die kerk van God

As daar een boek is wat ons gesigte rooi maak, dan is dit Paulus se brief aan die Efesiërs – wat waarskynlik as 'n omsendbrief aan die kerke bedoel is. Dit handel oor die eenheid van die kerk soos byna geen ander boek in die Nuwe Testament nie. Paulus roep die gelowiges op om as lewende liggaam van Christus hulle aardse taak te volvoer. Hy beklemtoon dat die kerk as liggaam van Christus één moet wees om hulle aardse taak te volvoer. Hoe kan 'n verdeelde liggaam, met die hoof afgekap, die hande en bene afgesny en die liggaam so onteer, met ander woorde 'n kerk sonder enige bewegingsvryheid, enige belangrike werk op aarde doen?

Reeds in die Ou Testament is al gesê dat ook nie-Jode verlossing kan verwag en deel van die volk van God kan word (Jes. 49:6; 56:3). Reeds in die Ou Testament is dit duidelik dat God nie net oor sy eie volk begaan is nie, maar ook oor die heidennasies. Die boek Jona lewer hiervan 'n lewende illustrasie. Jona wíl nie na die heidense Nineve toe gaan nie, en waarom nie? Hy sê self: *“Ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, geduldig en oorfloedig in troue liefde, 'n God wat berou het oor die onheil”* (Jona 4:2) – 'n telkens voorkomende teks in die Ou Testament. Vir Jona is God net te goed. Hoe kan God nou ook heidene en ander nasies red?

Dis hierdie tema wat Paulus ook in die brief aan die Efesiërs verder uitwerk. Die geheimenis, dit wat verborge was, het met die koms van Jesus Christus duidelik geword. Alles het nou verander. Die Heilige Gees het nou die geheimenis geopenbaar: ook heidene kan deur die evangelie (van verlossing) mede-erfgename en medelede van die liggaam van Christus word en deelgenote aan die belofte in Christus Jesus (3:6).

Ook nie-Jode, ook heidennasies, as hulle in Christus glo, kan verlos word en so deel word van die liggaam van Christus en die volk van God. Maar hulle vorm almal saam 'n eenheid, hulle mag nie verdeel en opbreek in tientalle kerkies en liggaampies van Christus nie.

Wanneer jy jou kultuurgroep verabsoluteer, wanneer jy hulle belangriker ag as enige ander groep, wanneer jy dink dat God Hom net met hulle bemoei, dan maak jy van hulle 'n afgod. God het die wêreld (kosmos) lief (Joh. 3:16). Van alle nasies moet dissipels gemaak word (Matt. 28:19). Voeg hierby die volgende woorde van Christus: Hoe kan 'n koninkryk of huis wat teen homself verdeeld is, staande bly? (Luk 11: 17). En ons kan byvoeg: Hoe kan 'n kerk wat teen homself verdeeld is, staande bly? Kerke moet streef na eenheid, en terwyl hulle nog nie daarin slaag nie, begin om sover moontlik saam te werk.

Sing: Skrifberyming 12-4

Prof. JH van Wyk (Amie) (emeritus)